Telefoon: (012) 332-3222 | e-posadres: gsdp@gsdp.org.za | webwerf: www.gsdp.co.za

GEREFORMEERDE SKOOL
DIRK POSTMA

Wees sterk en vol moed

# INFO 10/2024

19 Julie 2024

## Van die skoolhoof

***Liewe GSDP-gemeenskap***

*'n Hoop Klippe*

***Josua 4: 21b – 22a "Wanneer julle kinders later hulle vaders vra en sê: Wat beteken hierdie Klippe? 22a dan moet julle dit aan julle kinders bekend maak en sê…"***

*Die lang prosessie van die Israeliete deur die Jordaanrivier moes nogal indrukwekkend gewees het. Die priesters wat geduldig met die Ark in die middel van die rivierbedding wag totdat die hele volk deur is. En die hele tyd bly die opgedamde water van die Jordaan staan! Die volk het waarskynlik hierna gekyk, maar nie verstaan hoe dit moontlik is nie.*

*Volgens God se opdrag het 'n man uit elkeen van die twaalf stamme 'n groot klip uit die rivierbedding geneem en dit saamgeneem na die kamp. Dit moes as monument opgerig word. Hierdie handeling word vir die nageslag gedoen, sodat kinders aan hul ouers kan vra waarvoor hierdie monument is. So word verseker dat hierdie gebeurtenis van geslag tot geslag onthou word. God is getrou aan sy beloftes, hy het beloof dat hul Kanaän binne sal trek en Hy het hierdie belofte gestand gedoen. Die nageslag mag nooit God se getrouheid vergeet nie, soos dit in Psalm 78:7 eggo: "…en hulle vertroue op God kan stel en die dade van God nie vergeet nie, maar sy gebooie kan bewaar…"*

*Vandag stapel ons nie fisiese Klippe op nie, maar in die vakke Bybel en Kerkgeskiedenis ontvang hulle baie Klippe. Kennisklippe wat getuig van God se groot dade. Hierdie Kennisklippe is nodig, sodat hulle God kan ken. Dit is belangrik dat ouers die skool ondersteun in die bymekaar maak van hierdie Klippe. Die kinders versamel kosbare kennis, soms voel al die versamel soos baie moeite en baie werk, tog is dit regtig baie belangrik. Wanneer die jare aanstap en die beproewinge op hul pad kom, dan is dit hierdie stewige klipstapel waarna hulle teruggryp.*

*Hierdie vakansie het 'n jong mamma my kom sien, sy was ook in Dirk Postma, sy het ook gedink die Klippe is te groot en te swaar en sy het ook daaroor gekla. Vandag getuig sy dat sy nie as skoolkind altyd die waarde daarvan besef het nie, maar in haar tyd van beproewing is dit waarna sy teruggryp.*

*'n Druippunt vir Bybel en Kerkgeskiedenis gaan dalk nie die aansoek by 'n universiteit beïnvloed nie, maar dit getuig wel daarvan dat die stapel Kennisklippe onvoldoende is. Moedig die kinders aan om die geleentheid wat hul hier gegun word om die Klippe bymekaar te maak aan te gryp, dit is Klippe met ewigheidswaarde.*

***Vriendelike groete***

*Saskia Meijer*

## Beplanner

- **19 Julie:** H/S Sagtebal teen Maragon (Tuis)
- **19 Julie:** L/S Landloop Liga 2 te Eduplex
- **20 Julie:** H/S Fietsry - Steyn City
- **20 Julie:** L/S Landloop Liga 3 te Vissershoek
- **26 Julie:** L/S-konsert
- **27 Julie:** L/S-konsert


LAERSKOOL-MUSIEKKONSERT
DATUM:
26 Julie om 18:00
27 Julie om 10:00
By Doxa Deo, Ben Swartstraat 1245, Môregloed
TERUG IN TYD - VAN TOEKA TOT NOU
Wees sterk en vol moed
Kaartjies:
R80
Gallery - kaas en wyn kaartjies:
R300
Beperkte sitplekke.


KASKARRESIES
16 Augustus 2024
HOU DIE SPASIE DOP
MEER INLIGTING VOLG BINNEKORT.
Wees sterk en vol moed







# Sport

## Hoërskool

**Hoërskool Sagtebal:**
18 Julie teen CBC (tuis)
19 Julie teen Maragon (tuis)
2 Augustus teen Silverton
6 Augustus teen FH Odendaal
23 Augustus teen AHMP C (tuis)
30 Augustus teen Amberfield
10 September teen Uitsig (tuis)

**Hoërskool Netbal:**
10 Augustus - Fast Five te Montana

**Jukskei**
3 Augustus - Driespel
17 Augstus - Skoleliga
24 Augustus - Skoleliga
31 Augustus - Skoleliga

**Hoërskool Fietsry**
20 Julie - Steyn City
17 Augustus - John Vorster
31 Augustus - St Stithians
21-22 September - Nasionale Finaal

**Hoërskool Gholf**
16 Augustus - Mooipoort
9 September - Mooipoort



Let wel: datums is onderhewig aan verandering

## Laerskool

**Landloop**
***Byeenkomste***
19 Julie - Liga 2 by Eduplex
26 Julie - Liga 3 by Vissershoek
2 Augustus - Liga 4 by Witpoort
**Oefening**
Dinsdae en Donderdae 16:15 tot 17:00
(Almal welkom, al hardloop jy nie liga nie)

**Hokkie**
***Voorlopige wedstryde***
Mini-Hokkie
3 Augustus - Monumentpark/Die Krans
17 Augustus - Mt Edmund
24 Augustus - Louis Leipoldt
31 Augustus - Danie Malan
14 September - Dirkie Hokkiedag (Tuis)

Senior Hokkie 0/9 tot 13
2 Augustus - Seuns vs Magaliesklub (Overkruin HS)
6 Augustus - Dogters vs Akasia (Tuis)
15 Augustus - Dogters vs Mayville (Weg)
26 Augustus - Almal vs Louis Leipoldt (Tuis)
14 September - Dirkie Hokkiedag (Tuis)

**Hokkie oefening**
Dinsdae en Donderdae
Mini-hokkie: 13:00 - 13:45
Seniors: 13:45 tot 14:45




## Bedanking

Mnr. Marius Kotzé gaan ons aan die einde van die maand verlaat. Hy is 'n goeie pos by Midstream College aangebied. Ons is jammer dat ons hom verloor, maar is dankbaar dat die Here hom en sy gesin ook seën met 'n goeie pos. Ons wens hom voorspoed toe daar waar hy nou geroep word. Die skool sal op 'n gepaste wyse van hom afskeid neem.



# Hoërskool

Let asseblief op dat die kwartaal se **toetsrooster** anders lyk as die een wat aan die begin van die jaar uitgedeel is. ‘n Paar aanpassings is gemaak ter wille van die graad 12-rekordeksamen wat vroeër begin.

<table>
<tr><th colspan="6">TOETSROOSTER KWARTAAL 3</th></tr>
<tr><th></th><th>Graad 8</th><th>Graad 9</th><th>Graad 10</th><th>Graad 11</th><th>Graad 12</th></tr>
<tr><td>6 Aug</td><td>Wiskunde</td><td>Afrikaans</td><td>Wisk / WG</td><td>Engels</td><td>Afrikaans</td></tr>
<tr><td>8 Aug</td><td>Afrikaans</td><td>Wiskunde</td><td>Afrikaans</td><td>Wisk / WG</td><td></td></tr>
<tr><td>13 Aug</td><td>Engels</td><td>Engels</td><td>Engels</td><td>Bybel</td><td>Wisk / WG</td></tr>
<tr><td>15 Aug</td><td>Bybel</td><td>Kerkgeskiedenis</td><td>FW / RTT</td><td>Afrikaans</td><td rowspan="7">Rekordeksamen</td></tr>
<tr><td>20 Aug</td><td>NW</td><td>EBW</td><td>Bybel</td><td>FW / Kuns / BS</td></tr>
<tr><td>22 Aug</td><td>Tegnologie</td><td>SW</td><td>Kerkgeskiedenis</td><td>Kerkgeskiedenis</td></tr>
<tr><td>27 Aug</td><td>EBW</td><td>Bybel</td><td>LW / Geo / IT /BS</td><td>LW / RTT / IGO / IT</td></tr>
<tr><td>29 Aug</td><td>Wiskunde</td><td>NW</td><td>Rek / Kuns</td><td>Rek / IGO / Geo/ VS</td></tr>
<tr><td>3 Sep</td><td>SW</td><td>Tegnologie</td><td>VS</td><td>Wisk / WG</td></tr>
<tr><td>5 Sep</td><td>Kerkgeskiedenis</td><td>Wiskunde</td><td>Wisk / WG</td><td>Engels</td></tr>
</table>

## Afwesighede tydens toetse en eksamen

Wanneer ‘n leerling **afwesig** is tydens ‘n toets of eksamen, moet ‘n **doktersbrief** ingehandig word, anders sal ‘n leerling nul kry vir die betrokke vraestel. Wanneer ‘n doktersbrief ingehandig is, word die leerder afwesig gemerk, en kry hy/sy nie nul vir die vraestel nie. Vraestelle vir graad 8 tot 11 word nie meer ingehaal as ‘n leerling afwesig was nie.

# *Hoërskool*



**Kom kuier saam met ons rondom die kunste!** Op Donderdag 1**5 Augustus** om 18:00, vier ons die talente van die Hoërskool Dirkies!

Wat gaan daar te sien wees?
Die kunsleerlinge van graad 8 tot 10 stal hulle kunswerke uit. Dit gaan 'n fees vir die oog wees!

Die Dirkie-dramagroep sal vir die eerste keer te sien wees met "Maak die mooigoed eenkant staan". 'n Kranige sanger en begeleier sal luister aan die geleentheid verleen! Ons nooi elke klasgroep om hulle talentvolle musikante, dansers en of digters in te skryf!

Woensdag **14 Augustus** vier ons taaldag in Suid-Afrika, daarom gaan ons sommer die hele week met temas inkleur. Maak julle gereed vir prettige kostuumparades! Stof jou kreatiewe kant af en verbly jou in die skepping van ons Hemelse Vader!

Lees, Lees, want dit is 'n fees!
Beplan jou kostuums vir leesweek! Vanaf **12-16 Augustus** herdenk ons die gawe van lekker lees en ook die wondere van die skryfkuns van alle eeue! Kom wys jul kostuums van eeue-oue romantiese helde tot die nuutste doen-dit-self weergawes.
**5 September** volg die deurnag lees- en fliekmaraton.

# *Advertensies*







# Snapscan Kodes

<u>Doen betalings vir skoolfonds of boufonds met behulp van die "snapscan"-kodes of een van die volgende:</u>

EFT

D6-toep

Kaartfasiliteit (laerskoolkantoor)

Ons hanteer GEEN KONTANT nie.

Onthou om altyd u familiekode en die doel (as dit anders is as skoolfonds) te gebruik, byvoorbeeld 0123 BOUFONDS.

Snap here to pay
SnapScan
GSDP-SKOOLFONDS

Snap here to pay
SnapScan
GSDP-BOUFONDS

## ONDERSTEUN GSDP & HERWINNING

### BLITS




**Wanneer u aankope te Blits doen, noem asseblief dat u 'n GSDP-ouer/-ondersteuner is.**

**Dankie vir u ondersteuning!**

### MY SCHOOL

Hoe werk die MySchool-kaart? Vir aankope by winkels wat gekoppel is aan die kaart, bv Woolworths, ontvang die skool maandeliks 'n persentasie van die aankope.
Indien u nog nie 'n kaart het nie, besoek die web-tuiste van MySchool en volg die skakel na "Get a MySchool card now". Dit is baie maklik en neem enkele minute.

**Ons het afgelope jaar R 16 405,00 uit hierdie projek ontvang.**

MySchool MyVillage MyPlanet

### PICK N PAY, WAVERLEY PLAZA

Pick n Pay
Inspired by you

**Plaas asseblief al u kasregisterstrokies in die houer, gemerk "Dirk Postma". Die skool in die Moot met die MEESTE kasregisterstrokies (nie geldwaarde nie), ontvang aan die einde van die jaar 'n kontantbedrag.**

### GSDP: GLASPROJEK

Ondersteun asseblief ons glasprojek deur al u "afval"-glas in die houers te Cunninghamlaan te plaas.

**Baie dankie dat ons kan staatmaak op u ondersteuning.
Saam kan ons probeer om die nasionale wenner in 2024 te wees.**

